



ORANIA GEMEENSKAPSKOERANT

# KOERANIA

Maart, 2024 Volume 01 | Uitgawe Nr. 04





# Vandag se BKO-studente word more se meesters


Dia van Staden - Redakteur


Paul Vogel, uitvoerende hoof van die Bo-Karoo Opleidingsentrum (BKO) het met dankbaarheid 'n glasie gelig om die amptelike opening van die werkswinkels vir die ambagstudente te vier. Hy het op Woensdag 28 Februarie tydens 'n keurige kuierstoepfunksie almal teenwoordig bedank dat hulle die volgende fases van BKO se ontwikkeling saam vier. Die nuwe kenteken van BKO is onlangs bekendgestel en die inwyding van nuwe werkswinkels en ander fasiliteite is bykomende hoogtepunte. Die eerste vier klaskamers en die kuierstoep is vroeër al ingewy en Paul vertel dat dit alles bydra tot gehalte opleiding en arbeid.

Op 1 Desember 2023 het personeel en studente die groot trek na die nuwe perseel aangepak en op 12 Januarie 2024 kon die nuwe studente hul intrek neem. Hy som die afgelope paar maande se werk met die woord dankbaarheid op. Hy kyk met waardering terug op die reis wat BKO tot hier geneem het. BKO het in 2019 met vyf studente begin en vandag is daar 130 studente met vyf programme, vier koshuise, waarvan een 'n daghuis is, 17 personeellede, 'n Leer-my-hoe proefplaas en meer.

Stef Pretorius, Solidariteit: Beroepsnetwerk Koördineerder: Ambag & IT, noem dat die Solidariteit Ambagsnetwerk se resep 'n deurwinterde resep is waar jy begin deur studente goed op te lei. Daarna kry jy bekwame mense wat in die beroep staan en snoer hul saam in 'n netwerk. Volgens hom maak die vaardigheidsbank van suksesvolle persone dat sukses uit die plan kan voortspruit.

Die jaarlikse Jou yster-kompetisie het gedurende 2023 landwyd meer as 1 000 inskrywings gehad.

Rozanne Heroin, 'n internasionale sweiser, was 2023 se Jou Yster wenner. Pieter Roux was 2022 se wenner en het reeds diep spore getrap in terme van vaardigheid, maar het in die vaardigheidsnetwerk soveel geleenthede gekry om as mens in die volgende generasie terug te ploeg.

**Die dag wat jy die kennis as ambagsman in die werkplek begin toepas, ontwikkel jou vaardighede werklik eers.**

Pieter Roux het vir die gehoor vertel hoe hy as kind saam met sy pa in die fabriek gewerk het en daar reeds 'n liefde vir die ambagte ontwikkel het. 'n Tegniese hoërskool het sy liefde net verder geprikkel en hy het homself as gereedskapmaker bekwaam. "Ek het by elke fabriek daarvan werk gemaak om te sien wie kwaliteit werk lewer en by wie ek meer kon leer. Ek het daardie persone as mentors gesien en kon vinniger meer van 'n wye verskeidenheid ambagte leer. Hy was nog jonk toe hy besluit het om nie vir 'n baas te werk nie, maar sy eie potjie te krap. Hy was ook gretig om aan 'n nalatenskap te werk en daarom betrek hy jongmense in sy eie besigheid sodat hy sy kennis kan oordra. "Ek voel dat ons kennis aan die geslag van more moet oordra," vertel Pieter

Willie Venter is Solidariteit se Adjunkhoofsekretaris: Metaal en Ingenieurswese. Volgens hom was daar die afgelope twee dekades 'n afwesigheid van trots vir ambagte. Hy verduidelik dat die trots vir ambagberoepe stadig maar seker herstel. Gemeenskappe aanvaar ambagte meestal as vanselfsprekend, maar die praktiese nut vir dié beroep word onderskat.

Hy vertel van die Jou Ysterkompetisie se adviesraad wat uit tien paneellede bestaan wat self formidabele ambagsmanne insluit. Die erkenning wat aan studente gegee word omdat hul meesters van hul ambag is of word, lewer volgens hom 'n groot bydrae tot die volhoubare kwaliteit van hul werk. "Puik studente wat erkenning kry sal ander studente motiveer om goeie vakmanne te wees en die instelling sal daardeur ook erkenning kry dat hul kwaliteit opleiding bied."

Die beste vakleerlingkompetisie is deur die Solidariteit Ambagsnetwerk aangekondig en dit sal as Die Jong Reus toekenning bekendstaan. Bo-Karoo Opleiding sal die beoordeling van die wenners hanteer.

Dr Dirk Hermann, die bestuurshoof van Solidariteit en direksielid van BKO, het sy aanvanklike ondervinding as jongman in Orania met die gehoor gedeel. Hy vertel dat Orania jare gelede eerder as 'n ruimte beskryf kon word as 'n plek. "Intussen het dit 'n plek geword wat persoonlikheid en karakter begin kry het. Die


na bladsy 2


## Esna de Beer wil dié lirieke van Laurika Rauch leef



**Gestaan, geval, gewens, gelag, gevra, gewonder, gestoei, gewen, versnel, gerem, geterg, gehuil, verskil, verander, gesien, gehoor, uitgespeel, verloor, ek het gedink ek het geleer, gelief, verlang, gemik, geland, gesorg, volhard, gevat, gelos, geslaag, genoeg. Ek het!**

Foto: Dia van Staden


Lees berig op bladsy 5


## KITSNUUS

Lees meer binne


**ORASOL bring kraghoop**
*Bladsy 3*

**Hannes groet Radio Orania**
*Bladsy 3*

**Esna huppel deur haar Oraniasprokie**
*Bladsy 5*

**Entrepreneur skep swaar voertuie met 'n ligte hart**
*Bladsy 8*

**Boesemvriende maak musiek**
*Bladsy 11*


# Lees dit! Deel dit!

## Sosiale Media

- Orania Dorpsraad
- oraniadorpsraad
- oraniabeweging
- oraniabeweging
- Koerania

## Skakels

- www.orania.co.za
- www.koerania.co.za
- Koerania Besigheidslys


**KOERANIA REDAKSIE: Redakteur** Dia van Staden | **Grafiese ontwerp / Uitleg** Koos Gagiano | **Kontakbesonderhede** redakteur@koerania.co.za Tel: +27 83 726 1180




# KOFFIE EN KLETS

## met die redakteur



Tyd vir stilstaan en wonder wat om volgende aan te pak is in Orania 'n luukse. Soveel besoekers en vriende vra gereeld: "Wat doen julle heeldag met julleself?" Die antwoord is maklik, soms uiteenlopend, maar beslis een wat nie werklik verstaan word nie. "Ons werk, ons bou, ons arbei, ons breek soms af voordat ons bou, ons grou en grawe, ons ontwikkel."

Die Noord-Kaap se klimaat maak dit nogal uitdagend om goedsmoeds hier te vestig. Dit is 'n gebied van uiterstes en daarom is vasbyt 'n eienskap wat elke voornemende inwoner moet hê. Jy trotseer 'n vrekwarm, droë somer en 'n bibberkoue winter. Waarom dan die besluit neem om hier te woon en werk?

Carel Boshoff 4 het onlangs in 'n onderhoud met Boermedia 'n perfekte beskrywing gegee van mense wat na Orania trek. Hy het onder andere genoem dat dit 'n demografiese besluit is, aangesien Afrikaners ook as trekkers bekendstaan, en dat gekonsentreerde demografie, ook in getalle, hegte alliansies na binne vorm. "Dit is nie een teen die ander nie, dit is saam vir dieselfde ding, op verskillende manière," het hy gesê.

Hy het die spyker op die kop geslaan! Dit is eintlik so eenvoudig. As ek terugdink aan hoe ek aan vriende verduidelik het hoekom ek hierheen trek was dit omdat ek 'n verskil wou maak vir my eie mense. Ek het soveel jare gewy aan die opheffing van ander volke, dat dit nou tyd was om iets terug te gee aan my eie volk. Een wie se geskiedenis, goeie werk, taal en tradisies in die reënboog van Suid-Afrikaanse kulture vir my verlore geraak het.

Hier is nie tyd en ruimte vir spyt nie. Dit is nou moue oprol en doen wat gedoen moet word. Bou wat gebou moet word en die deponeer van kennis waar jy kan. Selfbeskikking is harde werk wat die geleenthede vir groei skep. In dié proses van gee KRY jy soveel meer!

Kom ons klink 'n koppie koffie op Afrikaners! MY mense!

Spreuke 6:6: Gaan na die mier, luiaaard, kyk na sy weë en word wys!

Luister hier na Carel Boshoff van die Vryheidstigting se onderhoud met Boermedia:

Is jy besig om die geskiedenis te skryf? Waarheen is ons op pad? ~ Onderhoud met Carel Boshoff IV (youtube.com)

# Vandag se BKO-studente word more se meesters (vervolg)

van bladsy 1

mense wat begin intrek het en stories begin vertel het, het gemaak dat hier geleef word. 'n Plek ontwikkel die hele tyd," het hy gesê.

Hy raak opgewonde wanneer hy deel dat BKO ook nou 'n plek is wat begin karakter ontwikkel en persoonlikheid kry omdat daar mense is wat deel van BKO vorm. "Die werkswinkels kon net 'n ruimte wees, maar die ontwerp van die gebou en die toerusting in die gebou word deel van die storie van BKO," vertel Hermann.

Hy komplimenteer die argitek, Christiaan van Zyl, omdat hy plek verstaan en dit so ontwerp het. Die feit dat die gebou mooi is en goed lyk beteken dat studente en hul ambag gerespekteer word. "Daar is adelheid in die ambag en daarom moet daar adelheid in die plek en gebou wees," vertel hy..

Paul beskou dit as 'n voorreg om deel van die Orania gemeenskap te kan wees, en sien daarna uit om saam met die gemeenskap te groei. Hy het werkgewers bedank wat die studente insluit om hul praktiese vaardighede te ontwikkel en as mentors vir studente optree. "Hou ons dop, ons het nog net begin," het hy mee afgesluit.



Paul Vogel, uitvoerende hoof van BKO



Pieter Roux, Paul Vogel en Willie Venter



BKO kollegas klink 'n glasie op die nuwe werkwinkels




Dr Dirk Hermann



'n Groep inwoners, kontrakteurs en personeel van BKO wat selfwerksaamheid verstaan



Stef Pretorius




Reinhardt Coetzee




Hans van Staden was een van die kontrakteurs van die projek. 'n Roomys bring heerlike lafenis na die hittige dag



Michelle Rust, Marike Labuschagne en Marcel Badenhorst is almal BKO-personeel



Frik en Ronel Bekker



Karin de Klerk en Carla Loots




Willie Venter



Yolandi Swanepoel, Annamarie Pretorius en Drizel Holtzhausen



Pieter Krige vermaak met agtergrondmusiek

Gemeenskapsnuus
KOERANIA

# Die ORASOL battery word in Sjina ontmasker

Dia van Staden - Redakteur

Riaan Jacobs, besturende direkteur van ORASOL, het pas teruggekeer van Hefei in Sjina, waar die grootste omsetterfabriek in die wêreld, Sungrow, gesetel is. Riaan het saam met nog kundiges die stad besoek om die aanskakeling en toetsing van die battery en omsetterstelsel vir Orania mee te maak.

"Alhoewel ons nie geleentheid gehad het om die Orania-idee met die Sjinese te toets nie, is ek oortuig dat die vryheidsgedagte nie deel van hul kultuur vorm nie," vertel Riaan. Behalwe vir die uiters hoë vlak van professionaliteit wat die Suid-Afrikaners daar beleef het, was die grootte van die 90 hektaar fabriek 'n belewenis. Hy noem dat daar twee bykomende afdelings is wat vir battery- en toerusting vir waterstofopwekking se vervaardiging verantwoordelik is. Die feit dat daar 6 000 personeel in die fabriek werksaam is was verrassend, aangesien robotte die meeste van die vervaardiging doen.

Die twee kundige Suid-Afrikaners wat saam met Riaan die reis onderneem het is Bertus Schreuder, verkoopsbestuurder van Sungrow Suid-Afrika en Lukas Scholtz, 'n bekwame elektroniese ingenieur verbonde aan Heroldts, die groothandelaar en verspreider van Sungrow se produkte in Suid-Afrika.

Riaan verduidelik dat Heroldts 'n deel van die waarborgrisiko dra en dat Lukas 'n waardevolle bydrae kon lewer met kritiese vrae gedurende die fabrieksaanvaardingstoets (FAT). Lukas en die ingenieur van Sungrow sal elk 'n primêre rol tydens die inwerkingstelling van die battery in Orania speel.

Orania se battery, wat sal aanleiding gee tot 'n beurtkragvrye dorp vanaf 06:00 soggens tot 22:00 saans, is tans ter see en Sungrow se ondervinding met verskepingstye, hawe en doeanebeheer ingereken, behoort die kosbare vrag rondom 18 April in Orania te arriveer. "Aangesien daar baie toerusting is wat saam moet werk om die proses glad te laat verloop, is die periode baie kompleks en ons moet ons op kundiges verlaat," beklemtoon Riaan. Die ORASOL-span, Ingenieursdienste van die Orania Dorpsraad en kontrakteurs vertrou dat die installasie en aanskakeling binne 'n maand daarna afgehandel behoort te wees.

Riaan en die ORASOL-span is al twee jaar met die beplanning van 'n werkbare oplossing besig. "Wat my baie trots maak van die projek is dat ons 'n oplossing soek vir ons hele gemeenskap en nie net vir sektore daarvan nie," meld Riaan. Hy voeg by dat professor Jannie Rossouw, wat behulpsaam is met die opstel van Orania se ekonomiese ontwikkelingsplan, aangedui het dat Orania se ekonomie R7miljoen per jaar skade ly, as gevolg van beurtkrag. "Dit kan grootliks voorkom word met hierdie plan," bevestig Riaan met trots.




Foto: Verskaf

**Riaan Jacobs, besturende direkteur van ORASOL, Bertus Schreuder, verkoopsbestuurder van Sungrow Suid-Afrika, twee Sungrow-ingenieurs en Lukas Scholtz, elektroniese ingenieur van Heroldts, binne die Sungrowfabriek in Hefei, Sjina.**

Riaan skets met oorgawe dat die samewerking, deelname en ondersteuning van Oraniërs vir hom 'n riem onder die hart is. Hy sluit af: "Hierdie projek is rêrig een van die mees omvattende oplossings, per persoon in 'n gemeenskap, vir die beurtkragkrisis en die strewe na energie-onafhanklikheid."

**Riaan deel met dankbaarheid dat daar nie enige Covid-gesprekke was nie, maar dat daar heelwat gehoes- en geproes was wat hom nogal ongemaklik gelaat het. "Daar is slegs 'n reuse bergreeks tussen Hefei, die stad wat hulle besoek het, en Wuhan, waar Covid sy ontstaan gehad het." Hy het 'n klompie mense gesien wat steeds maskers dra, maar dit was nie 'n algemene gesig nie**

### Meer oor Sungrow

Sungrow het twee ander internasionale fabrieke met 'n totale werknemerskorps van ongeveer 14 000 persone. Sungrow het sover die grootste battery in die wêreld gebou, 1400MWh in vergelyking met Orania se 4.8MWh battery. Volgens aanduidings en berekenings bou hulle daardie grootte battery in minder as twintig dae.

## Hannes se loopbaan neem 'n nuwe radiowending



Foto Riaan Badenhorst

**Hannes Snyman skakel van een radiostasie oor na 'n ander formaat van radiowerk.**

Vroeg in 2016 het Hannes en sy gesin Groblersdal in Mpumalanga met moeite verlaat om hulself in Orania te kom vestig.

Hannes het geen begeerte gehad om in dié rassistiese dorp enige voetspoor te laat nie. Sy vrou Antonette word genooi om haar getuigskrif te stuur vir 'n pos by die Yo-Yo tenkkantore in Orania. Hannes se herwinningsbesigheid was nie op daardie stadium kookwater nie, en hulle moes na ander opsies kyk.

Hannes het geen begeerte gehad om in dié rassistiese dorp enige voetspoor te laat nie. Sy vrou Antonette word genooi om haar getuigskrif te stuur vir 'n pos by die Yo-Yo tenkkantore in Orania. Hannes se herwinningsbesigheid was nie op daardie stadium kookwater nie, en hulle moes na ander opsies kyk.

Antonette se onderhoud was suksesvol, maar wat nou gemaak? Met 'n rammelkasbakkie en meer as 1000km tussen hulle en 'n nuwe toekoms het die prentjie maar donker gelyk. Met die intrapslag het vroulief egter verduidelik dat hul omstandighede dit nie toegelaat het om te trek nie. Haar nuwe werkgewer betaal R20 000 in haar rekening om die bakkie rybaar te maak, om brandstof in te gooi en 'n deposito op hul nuwe huis te betaal. Kort daarna stop twee vragmotors met sleepwaens voor hul Groblersdalhuis om die meubels te laai. Dit is hoe Hannes toe in 'n dorp beland waar hy nooit wou wees nie.

Hannes se plan was om so gou moontlik blyplek in 'n ander dorp te kry. Die noodlot werk egter nie altyd saam met 'n mens se vooropgestelde planne nie. "Binne 'n kwessie van 'n uur nadat ons arriveer het, kom stel die bure hulleself aan ons voor. Ons word dieselfde Saterdagaand na 'n braai by Stokkiesdraai uitgenooi," vertel Hannes.

Binne 'n week het sy opinie oor Orania as 'n veragtelike rassistiese dorp in die middel van nêrens, na 'n dorp waar sy mense bly, verander. "Nou ja, ons is steeds in die middel van nêrens, maar ek sou dit nooit vir enige ander plek verruil nie."

Hannes skryf graag, maar hy is vinnig by die bedrywighede van Radio Orania betrek. Die begindae by die stasie was taai, want hy het homself nooit agter 'n mikrofoon kon indink nie. Hy is 'n man wat stilte en meer intieme groepies verkies.

Hy kon nog nooit sy groot liefde vir die kweek van plantjies afskud nie. Aangesien die radiowerk baie van sy tyd geeis het, was die kweek van mikrospruite sy fokus. Dit was nie 'n rykwordplan nie, maar die hoeveelheid vriende wat hy ontmoet het wat graag by hom van die spruite aankoop, maak alles die moeite werd. "Die positiewe terugvoer omdat mense dit geniet het en die vreugde om iets te sien groei is vir my heerlik," sê Hannes.

Hannes geniet 'n bord boerekos, sonder vleis en peusel graag aan neute en sade. 'n Stasiekoffie is vir hom lekker maar kom nog nie naby 'n dik pepermentgeur melkskommel met stukkies pepermentsjokolade in nie. "Ek sou dit elke dag geniet het, as ek gedink het dit sou wys wees," lag Hannes.

Hy het 'n groot liefde vir die tagtigs se popmusiek. "Ek moet erken, soos ek ouer geword het, en natuurlik met die invloed van die radio, het die spektrum waarna ek luister baie verbreed. Ek luister graag na uitgesoekte Christelike musiek en ek geniet Countryklanke, maar selfs klassieke musiek val in my smaak," vertel hy ewe dromerig. Daar is soveel gunsgtelinge, maar Bonnie Tyler is beslis een van sy gunsteling vroulike kunstenaars.

Die nuwe radiostasie waarby Hannes nou betrokke raak maak hom opgewonde. Hy besef dat elke nuwe wending in 'n mens se lewe met uitdagings kom, maar hy weet waar sy hulp vandaan kom. "Ek hou my hande oop om deur ons Hemelse Vader gelei te word. Ek hoop en bid dat wanneer my lewe tot 'n einde kom, ek steeds vir Hom sal werk."

Christus Adventis Radio, Hannes se nuwe landingsplek, se doel is om soveel mense as moontlik aan die hand van die Heilige Gees te bereik. Hannes sien daarna uit om 'n bietjie regstreekse uitsaaiwerk, redigering en skedulering van alle goedgekeurde programme te doen, asook musiek by die programinhoud te voeg.

Hannes bly dus steeds 'n Oraniër en sy spore gaan steeds 'n verskil maak.

# Nadenkend in Orania

Helene Brink - Ope brief

Iewers in die laat 90's het die Groot K vir pappa gekelder. Maar, die spitsvondigheid het gebly… soos die dag toe ons moes ry om 08:00 by die staatshospitaal te wees vir NOG 'n chemoterapiesessie.

Kom 16:00 die middag, en hy sit steeds in die stoel, nog nie ge-chemo nie, so wit soos 'n lap van pyn, moet ek hoor: "My Nonkie…. Vir sommige mense, kom ek agter, hoe langer die wag word, hoe lekkerder word dit!" Rondkykende na die spelende kinders en slap-tjips papiere en die kombers-leênde oumas…Almal WAG.

Kry ek weer daardie gedagte waar ek sit en wag in Oraniamed se apteek op Dok, wat 'n noodgeval moet hanteer en maak dat ons almal bietjie moet WAG…

Al groetende, geselsende, uitvraende met almal…. Soos altyd, raak ek dit toe kwyt aan ons Apteker, wat ewe lekker saam lag vir Pappa se samevatting.

Dat langer WAG kan lekkerder word, gebeur net in Orania…dat jy saam kan bekommer oor boeta se aanhoudende hoes, en of tannie Marthie se man se gehoorstukkie al opgedaag het, en of die vars vrugte al uitgepak is by die groentewinkel.

Of die student wat se ouers vêr is, se lessenaar al afgelewer is, en of die kraan in K208 al reggemaak is.

En…. aiii… man…. Is dit behoudend, maagkramp-lag-lekker, en gemeenskapbouend, amper so lekker dat jy jammer is dat Dok jou kom haal vir jou afspraak?

Lang storie kort…

**INCURVATUS IN SE…**

Dat ons as mens "ingekeer" is in onsself, is die siekte van ons tyd.

En hoe maklik is dit nie, vra ek myself daagliks af.

Hoe min vang ek myself oorstelp deur die saamleef in Orania, met wat heeldag rondom ons gebeur?

Die wonder van sproeiers wat water uit die Oranjerivier op lowergroen grasperke kan spuit, seuntjies op fietse met swemhanddoeke op pad om die hitte in die skitterblou swembad te gaan afspoel?

Die Dorpskantoor se bakkies wat jy by elke straathoek sien, met manne met harde hande, bruin velle, en glimlaggende gesigte wat ons dinge laat loop soos dit moet?

Studente met kaalgeskeerde koppe wat al hulle hoedens lig nog voor jy naby hulle is, die braaivleisreuk wat op 'n Vrydagaand in die wind aangewaai kom van die bure af?

Hoe lank? Hoe lank voordat ons kan dankie sê aan 'n God wat ons hier in vrede kan dien, met vryheid en, as ons wil, samelewing? Want ja…die lewe is nie 'n grap nie, en Orania en sy mense het nie die Sondeval gemis nie, soos my Danie-boetie sê.

Maar, kan ons, met oorgawe, ons NORMAAL waaragtig waardeer? Ons skoon water, skoon lug, skoon strate, skoon winkeltrollies elkeen op sy plek? Stofstrate, stowwerige karre, maar mense wat 'n keuse gemaak het om vir hulle en hulle kinders 'n ander normaal te kom soek, deur stofstrate en klein inkomstes deur?

Want, van waar ek sit op die oranje stoel in die spreekkamer, is die hierwees waaragtig lekker… en MOET ek kan.

Vir God en my mense, hier sit en staan ek, want ek kan nie anders nie…

Met dankbaarheid

**Helene Brink**

## Joost en Penuel in gesprek




Joost Strydom, die Uitvoerende Hoof van die Orania Beweging het 'n fassinerende gesprek met Penuel Mlotshwa, tydens hul besoek aan Orania gevoer. Meer as 126 000 kyke op Youtube en byna 1 000 kommentare van kykers werp 'n helder lig op die ware Orania waar geskiedkundige feite en 'n hardwerkende gemeenskap se doelwitte duidelik uiteengesit word.

Klik hier vir vol onderhoud op YouTube:
The Penuel Show In Conversation with Joost Strydom, The Great Trek, Self Doen, Off-grid Energy

Dit is meer as 'n maand later en steeds stroom die kommentaar in en word oningeligte persone voorgestel aan die realiteite van Orania. Koerania het weer met Penuel kontak gemaak en sy opinie oor die negatiewe kommentaar wat hy kry gevra:

"The reality is that South Africa has a very emotionally-triggering history, due to Apartheid mostly. With that said, understanding this dynamic, helps understand why Afrikaners would be challenged every time they do anything deemed progressive, and especially where it seems to sideline black people.

Each person needs to work hard to switch off the emotional noise and dig deeper for truth, rationality and objectivity."

**Hier is van die kommentaar wat op die onderhoud gevolg het:**

**@anthonychadokwenda163**
*Joost is so calming... so reassuring. May history be kind to the good people of South Africa and the pioneering minds behind Orania. Reality is such a 'pleasantly dark ' place .....*

**@brendangoosen**
*Off the chains. I have to watch this a few times. They are the future of modern civilizations! Thank you sir!*

**@sfisomlondo6699**
*Thank you Pan for giving us this interview, we've heard a lot about the town but it's great to hear from the horse's mouth*

**@thapelomashego8704**
*"This is our place and we are the wall, doing our own work is the wall, ppl who mean us harm will soon learn that it doesn't matter how many we are... We are the wall and we will protect our place" I wish that our black communities could adopt this mentality and protect their neighborhood*

**@donniebrasco588**
*Great show Penual. Extreamly interesting. I followed the Orania concept and their progress for many years now but this show gathered more info about Orania then I could get from all the other media outlets together.*

Kontak die Orania Beweging om 'n lid te word
van 'n groeiende beweging wat 'n verskil maak vir die Afrikaner!

Klik hier om aan te sluit by die Orania Beweging
Lidmaatskap - Orania Beweging




## Orasol: 'n soete beloning wag

Lida Strydom - Burgemeester

Ek wil vertel van die malvalekker-eksperiment wat Walter Mischel in die sestiger jare gedoen het. Dié eksperiment wou ondersoek instel na hoe kinders die versoeking van 'n onmiddellike beloning weerstaan ten einde later 'n groter beloning te kry. 'n Kleuter is alleen in 'n kamer geplaas met 'n enkele malvalekker en dan die keuse gegee: hy kon of die lekker onmiddellik eet, of 'n ruk wag, waarna hy dan 'n ekstra lekker as beloning kon ontvang. Die belangrikste bevindinge van dié eksperiment was dat kinders wat kon wag en die tweede lekker dan verdien het, geneig was om beter lewensuitkomste op die lang termyn te vertoon.

In Orania is dit dikwels soortgelyk. Ons moet dié dinge doen wat op die langer termyn sal voordeel bring, selfs al is die huidige toestand bittersoet. Soos om 'n heffing vir 'n sonkrag-battery te betaal wat vir almal tans 'n bietjie duurder sal wees, maar sodat ons uiteindelik almal beter daaraan toe sal wees.

Ons het reeds eerstehands ondervind dat beurtkrag die laaste spyker in die doodskis vir sommige van ons klein ondernemings was. Ander moet ten duurste self alternatiewe voorsien om net aan die lewe te bly. Talle werksgeleenthede kom in gedrang as energie onbetroubaar is. Daarom wil ons ten opsigte van energie waarlik op ons eie bene staan.

Prof Jannie Rossouw, besoekende professor aan Wits, is tans betrokke by Orania se volgende ekonomiese ont-wikkelingsplan en het onlangs die volgende berekeninge gemaak:

Beurtkrag het Orania se ekonomie in 2021 ongeveer ɸ5miljoen vir die jaar gekos. Beurtkrag (sonder die Orasol-battery) sal, volgens prof Jannie, ons ekonomie in 2024 ɸ7,42m kos.

Om onder die juk van 'n onbetroubare energieverskaffer uit te kom, moet Orania vir sy eie energiebehoeftes verant-woordelikheid neem. Verder is dit interessant dat die rykste lande in die wêreld 'n oorvloed van energie beskikbaar het. Hoekom is dit belangrik?

- Wanneer energiekoste laag is, kan energie-intensiewe ondernemings meer mededingend wees en dit verminder produksiekoste, wat kan lei tot verhoogde produksie, meer werksgeleenthede en mededingende pryse.
- Bekostigbare energiepryse en volop energie kan lei tot infrastruktuurontwikkeling, innovasie, en gevorderde tegnologieë stimuleer en sodoende hoogsgeskoolde werk-geleenthede skep.
- Bedryfskoste kan verlig word met moontlike uitbreiding en bykomende werksgeleenthede.
- Stimulering van energie-intensiewe sektore soos landbou, vervoer en swaar vervaardiging kan lei tot verhoogde produksie en 'n vraag na arbeid.
- Laer energiekoste kan lei tot verlaagde pryse en gevolglik meer besteebare inkomste, wat kan lei tot die vraag na verskeie produkte en dienste wat bydra tot werkskepping.

Orasol het twee aandeelhouers: Orania Infrastruktuur (Edms) Bpk, 'n volfiliaal van Orania Dorpsraad, met 60% en Vluytjeskraal 272 Eienaarsvereniging MSW, met 40%. Oraniërs is dus die aandeelhouers in hierdie maatskappy. Net soos OSK Koöperatiewe Bank aan Orania-aandeelhouers behoort, so behoort Orasol aan Orania-aandeelhouers en het dit die gepaardgaande voordele van 'n gemeenskapsinstelling. Verantwoordelikheid lê plaaslik, nie êrens ver in 'n sentrale sisteem waartoe niemand toegang het nie.

In Orania is reeds voorsiening gemaak vir kleinskaalse ingebedde kragopwekking (KSIKO's) en dus privaat-kragopwekking wat teen vergoeding in die netwerk kan terugvoer. Maar om desentraliserende vryheid te bevorder word ekonomie van skaal vereis, daarom éís dit 'n gemeens-kapsoplossing: daar is krag in getalle. Net soos met die malvalekker is daar nou 'n bietjie dissipline nodig sodat ons almal later die soete beloning kan smaak!

Ons dank die Here vir toegewyde, roepingsbewuste manne wat hulle verantwoordelikheid opgeneem het om in Orania se onmiddellike energie-behoeftes te voorsien. Ons sien uit na die langtermyn voordele!

Soli Deo Gloria!

ORANIA PIONIER

# Esna huppel om 'n verskil te maak

Dia van Staden - Redakteur

Esna de Beer (56) se eerste tree na Orania is in 1998 gegee toe sy en haar gesin van George af verhuis het. Haar en Bernhard se seun, Roedolph, was toe slegs 1 jaar oud. Ters Schumann, een van die stigterslede van OSK (Orania Spaar en Krediet) en haar skoonpa op daardie stadium, het hulle aanhoudend genooi om te kom kuier. So gevra, so gedaan. In 1996 het hulle 'n eerste besoek aan Orania gebring, die dorpstoer saam met oom Carel Boshoff ervaar en daarmee was die saad gesaai.

Die moontlikheid van 'n skoenfabriek in Orania het vir Bernhard gewink en daarom trek hulle toe in 1998 sak-en-pak, met 'n baba, na Orania. Die skoenfabriek het nie gerealiseer nie, maar Bernhard se hande staan vir niks verkeerd nie en hy begin huise se binnemure bou en herstelwerk doen. Hy bou kaste en toonbanke vir 'n vale.

"Dit was nie vir ons 'n moeilike besluit nie. Ons het toe oë na Orania toe gekom. Dalk voortydig, maar ek glo dat elke ding op sy tyd gebeur. Ek glo nie in toeval nie. Ons het wel swaar gekry in ons eerste twaalf jaar omdat ons finansieël harde bene moes kou," sê Esna op 'n ernstige noot.

Esna was skaars drie weke in Orania toe sy deur Hendrik le Roux van die CVO-skool genader is om op kontrakbasis by die intermediêre fase met byna alle vakke in te skakel. Sy vertel hoe die skool van hulle huidige terrein na die Kuierstoep getrek het en later weer terug na waar CVO-skool nou staan. Die skool het uit 'n volle 24 kinders bestaan. Later het Sy die Grondslagfase-pos beklee en dit was haar voorreg om die Gr 1, 2 en 3's in een klas te hê. Esna geniet 'n onderwysmodel wat oorkoepelend is wanneer daar 'n groter ouderdomsgroep in een klas is. Sy hou nie daarvan dat 'n kind 'n graad "spring" nie. Sy argumenteer dat elke graad se werk toelaat dat 'n kind daardeur verryk kan word.

In 1999 skuif Esna na Volkskool om die grondslagfase waar te neem. Graad O word later bygevoeg om die kleingoed in hul ontvangsjaar ook te help ontwikkel. "Dit was die lekkerste 12 jaar van my lewe gewees en tannie Anna Boshoff was die ongelooflikste mentor vir my," sê sy met 'n tikkie nostalgie.

Esna kan nie anders as om te onthou dat hulle ook in Orania met sjampanje in die hand gewag het dat die aarde moes vergaan toe die jaar 2000 aangekondig is.

Dié talentvolle vrou verwys na haar Orania-sprokie waar ouers en kinders in tipiese selfleerstyl saam alles laat gebeur het. "As mense het ons dié kleindorp leefstyl en omgee ingeboet. Tog bly dit elkeen se verantwoordelikheid, dit hoef nie so te wees nie," sê sy terwyl haar gedagtes ver teruggaan.

Sy verlaat Volkskool in 2011 en doen vir 'n skoonmakerspos by die CVO-skool aansoek. Sy word vir 'n onderhoud genooi, maar hulle benodig 'n assistent by die Graad R klas. Esna gryp die avontuur aan en begin sommer 'n huiswerkgroep vir Gr 1 tot 9 kinders. "Ek moes vir myself werk skep om my salaris aan te vul," vertel sy met oortuiging. Na drie maande as assistent juffrou ruil sy rolle met die amptelike juffrou wat 'n gesin wou begin, en toe word sy die Gr R-pos aangebied.

'n Hoogtepunt van 2014 onderbreek haar gedagtegang en sy vertel van die revue wat sy en juffrou Ciska de Wet aangebied het, met die titel Gee my 'n rede. Hulle het self die teks geskryf, want die emmigrasie kwessie was toe al brandend. Daar het 218 kinders aan die revue deelgeneem. Sy glimlag toe sy vertel dat die storie geeindig het met die gesin wat besluit het om in Suid-Afrika te bly.

Esna is self lief vir die verhoog en verskeie verhoogstukke, optredes by die gewilde Kaalvoetkonserte, monoloë en ander gedramatiseerde stukke se tekste het haar naam op.

In 2014 verskyn 'n advertensie vir die bestuur van die Huppelkind Dagsorgsentrum. Esna maak 'n afspraak met Lida Strydom by die dorpskantoor en gesels ook later met Lenie Kotze oor die potensiaal van die pos. Sy beskryf haar behoefte om by die sentrum betrokke te raak. Sy aanvaar 'n halfdagbestuurpos, maar onthou dat sy nog nooit net halfdag gewerk het nie.

Huppelkind Dagsorgsentrum open Januarie 2015 op die hoek van Pêrellaan en Robynstraat in Orania-Wes met 12 kinders en eindig die jaar met 36 kleingoed. In 2017 skuif die sentrum na die CVO-skool se terrein met 65 kinders. Vanjaar vier Huppelkind hul tiende bestaansjaar, maar daar word 'n groot makietie vir 2025 beplan.

Jy loop jou teen 'n muur van positiwiteit vas wanneer Esna gevra word oor laagtepunte in haar lewe. "Jy groei uit laagtepunte en word sterker vir volgende uitdagings. Ek kon al baie vir myself afvra hoekom iets gebeur het. Ek kon al telekemale WEET waarom iets gebeur het," is haar reaksie.

Sy onthou wel die duwweltjies en miere wat ORAL was toe hulle in Orania arriveer het. Sy voeg dadelik by dat daar 'n oormaat van vrugtebome in al die oop erwe was wat almal aan kon smul.

**Sy onthou wel die duwweltjies en miere wat ORAL was toe hulle in Orania arriveer het.**

Haar familie is getroue ambassadeurs van Orania en hulle het verstaan dat die jong egpaar se trek na Orania ook 'n avontuur was wat hulle jeug weerspieël het.

Die Klein Reus lê Esna na aan die hart, ook omdat sy die onthulling bygewoon het. "Dit waarvoor die Klein Reus staan is deel van my lewe en wese," sê sy. Esna vertel van Sebastiaan en Magriet, die twee karakters wat by Huppelkind 'n instelling geword het en wat die Klein Reus se niggie en nefie is. Sebastiaan is 'n huppelkind en hou sy oë op die toekoms. Hy is uitbundig en vry en almal se maatjie. Magriet en hy het beste maatjies geword. Sy is 'n moedertjie en altyd besig om blommetjies te pluk. Magriet is die toonbeeld van 'n ma van baie kinders in wording. Hulle gaan op groot avonture by Huppelkind.



"Dit is my werk om tydens saalopening 3 keer 'n week, kwaliteit eienskappe by die kinders tuis te bring.

Daar is pas 'n vlagpaal by Huppelkind afgelaai. Esna en haar personeel sien daarna uit om die kultuurerfenis oor te dra van 'n vlagversie wat opgesê word terwyl die vlag gehys word.

Op 'n persoonlike vlak was daar ook al noemenswaardige hoogtepunte. "Ek is dankbaar dat ek letterlik een van 'n paar vroue was wat met 'n beiteltjie die voetstuk van die Koeksistermonument se gaatjies kon uitkap. My ma en sussie was by toe die monument onthul is, en hulle is my Kaalvoetvroue."

Een van die grootste leerskole was die huisie in die hoek wat sy vir haarself laat bou het. Twee van haar drie kinders is in Orania gebore. Middelkind Wilhelm is gebore waar André van Heerden se kantoor in die dorpskantoor, voorheen die Verpleeginrigting, is. Anella, haar dogter, is in Hopetown hospitaal gebore.

"In September 2023 het ek 2 rotsgravures in Orania ontdek wat nog nie voorheen aangeteken was nie. Ek het 'n rotsgravuur van 'n leeu gekry. My vriendin Cornelia Holm was saam met my toe ek dit vind."

Jy eien gou 'n ware Oraniër wanneer hulle vir jou sê dat eienaarskap met verantwoordelikheid vir hul die belangrikste beginsel van Orania is. Esna dink dat mense bevrees is om die skuif na Orania te waag. Sy haal finansies en onkunde as twee faktore aan wat mense daarvan weerhou om te trek. "Mense moet hul huiswerk doen voor hulle trek, want jy moet besef dat jy hard gaan moet werk om te oorleef. Orania is nie vir sussies nie."

Esna se raad aan die jeug is dat hul moet leef sodat hul positiewe energie ander kan inspireer. Sy voel dat 'n Orania kind nooit moet dink dat die wêreld hulle iets skuld nie. "Jongmense moet uitgaan en foute maak. Deur foute te maak beweeg jy vorentoe."


"My pa het altyd gesê, die enigste graad wat jy eintlik moet hê is 'n ruggraat. By Huppelind sê ons: "Rol op julle moutjies en wikkel julle boudjies!" Huppelkind het 'n splinternuwe projek geloods wat Steun Fase 2 heet. Kontak Huppelkind om meer uit te vind en jou bydrae te lewer.

Sy wil nog oor mense en klassiekale en selfgedrewe onderwys skryf. Sy wil haar drie kinders sien gelukkig wees. Sy wil steeds 'n verskil in kinders se lewens maak. "Ek dink 'n mens moet weet dat die belangrikste in die lewe is verhoudings met die mense rondom jou. Mens moet baie hard werk aan verhoudings: vriende, familie, gesin en die liefde van jou lewe. Mens leer baie goed op skool, maar die skool van die lewe leer jou nog meer. Dit bepaal saam met wie en waar jy eendag jou plek gaan vind sodat jy kan sê: EK het!"

Esna bevestig dat Orania jou in totaliteit opneem, maar dat dit slegs gebeur as jy bereid is om jouself te GEE. Dit is vir haar heerlik dat haar kinders altyd om haar was en kon deel in konserte en vreugde. Volgens haar oortref Orania alle dorpe se kwaliteit van 'n gemeenskapslewe.

## Die Orania Volkslied-lirieke benodig 'n melodie

Kan jy 'n roerende melodie komponeer? Maak die Afrikaner se vryheidsideaal jou opgewonde? Raak 'n pragtige volkslied jou hart aan? Dink maar aan Die Stem, Flower of Scotland, Ireland's call, Die lied van Jong Suid-Afrika. Wek dit nie 'n tinteling in jou hart op nie?



**Elica Joubert** is van Orania, Noord-Kaap en die titel van haar lirieke is Oranialied.



**Susan Puren** woon in die Kaap en haar lied se titel is Die Lied van Orania.



**Sonya Pretorius** woon in Pretoria en sy het Volkslied van Orania ingeskryf.



**Kean Olivier** woon in George en sy lirieke heet, Die Fakkel.



**Die Murphy-gesin** woon in Orania en hul titel is Die Roepstem van Orania.

Komponiste, daar is min tyd oor om jou pragmelodie met een van die vyf lirieke te laat trou. Dit is nou jou geleentheid om die wen melodie te komponeer.

Besoek die webblad vir meer inligting: https://volkslied.co.za/

Orania Volkslied Kompetisie

# BKO

BO-KAROO OPLEIDING




## SKEP 'N TOEKOMS VIR JOUSELF IN 'N OMGEWING VAN VRYHEID, VEILIGHEID EN VOORSPOED.

In die middel van Suid-Afrika, in die Bo-Karoo streek, langs die Oranjerivier, in die plattelandse Afrikanergemeenskap van Orania, bou Bo-Karoo Opleiding aan vryheid deur opleiding en arbeid.

BO-KAROO OPLEIDING WAAR JY
*vry, veilig en voorspoedig*
VIR JOU 'N TOEKOMS KAN SKEP

## KWALIFIKASIES

- BOERDERYBESTUUR
- BOU EN SIVIELE KONSTRUKSIE
- LOODGIETER
- ELEKTRIES
- TUISVERSORGING




**BKO trek in 2024 ons ou baadjie uit, en spog met 'n nuwe kenteken!**

Skakel op ons sosiale media blaaie in op **12 Februarie** vir die groot bekendstelling!

**Promosie**

# Adam Tas nou ambassadeur wat Voortrekkermonument beskerm




Die Voortrekkermonument kan spog dat die bekende sanger en liedjieskrywer Adam Tas ook nou 'n ambassadeur van die Voortrekkermonument is wat die monument beskerm.

Adam Tas is die derde ambassadeur van die monument, na die gemengde gevegskuns- wêreldkampioen Dricus du Plessis en oud-Springbokrugbyspeler Marcell Coetzee.

"Hierdie is my kultuurerfenis. As jy nie die verlede onthou en waar jy vandaan kom nie, het jy geen pad om die toekoms in te vat nie. Ek is 'n trotse ondersteuner van die Voortrekkermonument, die hele terrein en alles waarvoor dit staan," sê Tas.

Tas en sy span het op 4 Maart 2024 die Voortrekkermonument besoek om 'n foto in die tuine te neem vir 'n groot advertensiebord wat op die R21 opgerig gaan word tussen Pretoria en OR Tambo-lughawe. Dié bord is vir Tas se jag en visvangprogram, Byt en Buskruit in samewerking met Wildman en AfriForum TV en sal 'n reusefoto vertoon van iemand met 'n jaggeweer. Die sesde seisoen van Byt en Buskruit sal in April verskyn. Hierdie program word nie net in Suid-Afrika nie, maar regoor die wêreld verfilm.

"Ek het 'n geweer, Dricus het sy vuiste, maar hy is nou so famous, hy is so min hierso, so ek is nou die nuwe beskermheer. Sorry, Dricus, alles van die beste hoor," sê Tas spottenderwys oor sy nuwe status as ambassadeur van die Voortrekkermonument.

"Dit is wonderlik om te sien dat ons 'n jonger generasie van ambassadeurs het wat die Voortrekkermonument wil ondersteun. Dricus, Marcell en Adam is mans wat gereeld die monument besoek en trots die fakkel dra van ons baken van hoop," sê Gerhard Pretorius, kommunikasiebestuurder by die Voortrekkermonument.

"Ons ambassadeurs stop egter nie net daar nie, elke persoon wat die monument besoek en ondersteun is 'n ambassadeur van ons geloof, kultuur en ons taal. Net soos die leiers van die Groot Trek (Gerrit Maritz, Hendrik Potgieter, Piet Retief, Louis Tregardt en Piet Uys) is hierdie drie ambassadeurs hedendaagse pioniers om ons erfenis te bewaar," sê Pretorius.

Elkeen wat die Voortrekkermonument ondersteun, is dit nou finansieel of met 'n besoek, is 'n ambassadeur vir ons. Jou vriendskap kan ons help om 'n verskil te maak in die gebied van erfenisbewaring: www.vtm.org.za/donasies/.

**Promosie**

# FAK sê Graaff-Reinet moet bly

Een van die oudste dorpe in die land is nou in die regering se visier en loop die risiko om sy kosbare historiese identiteit te verloor. Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) het met groot teleurstelling en verbasing verneem van die voorstel om Graaff-Reinet se naam te verander.

Hierdie is die nuutste poging in 'n reeks van absurde probeerslae van die regering om Afrikanergeskiedenis uit te wis.




Graaff-Reinet is die vierde oudste dorp in Suid-Afrika. Die dorpie is vernoem na die destydse goewerneur, Cornelis Jacob van de Graaff en sy vrou, Reinet, en dit maak vir 'n kosbare en unieke geskiedenis.

Voortrekkerhelde soos Piet Retief, die eerste goewerneur van die Voortrekkers, Gerrit Maritz en Andries Pretorius, hoofkommandant van die Slag van Bloedrivier, het almal hul pad op die Groot Trek by Graaff-Reinet afgeskop.

Nou wil die regering hierdie pragtige kultuurhistoriese konteks totaal en al van hierdie dorp stroop, ter wille van "inklusiwiteit."

Die departement van sport, kuns en kultuur het aan die einde van 2023 aangevoer dat Graaff-Reinet se naam verander moet word na Robert Mangaliso Sobukwe, stigter en die eerste president van die Pan Africanist Congress (PAC).

Ironies genoeg is die PAC deur Sobukwe gestig omdat hy nie saam met die visie en die roete waarin die ANC beweeg het, saamgestem het nie.

Gerhard Pretorius, kommunikasiebestuurder van die FAK), sê sulke kultuurverwoestende besluite mag nie die lig van dag sien nie.

"Die regering neem ondeurdagte besluite, wat onafwendbaar sal lei tot nuttelose en verkwistende spandering. Daarom is dit nie net op kulturele front wat hierdie naamsverandering sinneloos is nie – dit is belangstingbetalers wat gaan moet opdok vir die miljoene rande se onkostes om hierdie naamsverandering deur te voer," sê Pretorius.

Verder word daar ook aangevoer dat Adendorp na Kwa Mseki Bishop Limba verander moet word, Aberdeen na Camdeboo en Nieu-Bethesda na Kwa Noheleni. In geen opsig is daar problematiese kwessies rondom die geskiedenis van hierdie dorpe wat 'n naamsverandering regverdig nie.

Sedert 2019 is daar 'n astronomiese 103 geografiese naamsveranderinge wat plaasgevind het, net in die Oos-Kaap.

"Die regering is besig met geteikende kulturele massa-uitwissing van die Afrikaners se geskiedenis en erfenis," sê Pretorius.

Met naamsveranderinge soos dié moet daar 'n openbare deelnameproses plaasvind. Die FAK het 'n petisie van stapel gestuur om hierdie sinnelose voorstel te stuit.

Die vorige keer wat die regering aangedring het om die Afrikaanse Taalmonument se naamsverandering, in 2022, deur te voer, het die FAK 30 000 mense se stemme laat hoor. Só is die voorgestelde naamsverandering gestuit. Só sal ons weer saamstaan en ons erfenis beskerm.

Neem standpunt in. Teken hierdie petisie en help ons om die miskenning van jou erfenis te stuit. https://forms.gle/KrJt5ZRPfUncxCDH8


Vriende van die FAK help ons om erfenis te beskerm, te bevorder en uit te bou. Maak ons hande sterker en word 'n vriend. https://fak.org.za/vriende-van-die-fak/ .

Vir enige navrae, kontak gerus vir Gerhard Pretorius – gerhard@kultuurtuiste.org.za.

## Herfspiekniek by die Rivierpark Kampterrein

Die Rivierpark Kampterrein en die Kaboem Kiosk, wat deel vorm van Vluytjeskraal-Noord, is Saterdag 9 Maart met liggies en vrolike piekniekspasies vir hulle eerste Herfspiekniek getooi. Behalwe vir die kampeerders het die gemeenskap van Orania van die spasies met hul kampstoele, braaiers, musiek en vrolike samesyn gaan opneem. Amanda Saayman, bestuurder van die kampterrein, sien daarna uit om soortgelyke kuiergeleenthede in die toekoms aan te bied. Sy sê: "'n Gedagte het tot 'n aand vol lag, kuier en samesyn gelei."











1. Justinus Brink en Tony Correia bespreek die nuutste braaitegnieke (of nie) tydens die piekniek.
2. Carel Boshoff is 'n akademikus wat kan braai!
3. Anje Boshoff, Retha Brink en Gwen Dirker het die piekniek as inwoners van Orania bygewoon en in die heerlike atmosfeer gedeel.
4. Dewald en Angel Otto het saam met André en Yolandi Hanford gepiekniek en gekuier.
5. Hierdie vrolike groep vroue het 'n bo-baas kuiertyd geniet.

ENTREPRENEUR

# Sy pa en oupa se motorhuise was sy Universiteit

**Dia van Staden** - Redakteur

In die Dirkerfamilie loop die aanvoeling vir meganiese werk stewig in hulle bloed. Van al die vashou terwyl sy pa sweiswerk doen, kon Jaco Dirker in Standard 4 reeds agterkom dat skoolwerk hom frustreer. Sy oupa Hen Dirker kon nooit sweis nie, maar hy kon met sy hande werk en het 'n kop vir kreatiewe plannemaak gehad.

Jaco Dirker (41) onthou hoe sy pa se motorhuis die plek was waar hy van meganiese werk geleer het. Sy skooljare het in Nylstroom begin, daarna was hy in Laerskool Pietersburg-Oos en toe in Theresapark Laerskool in Pretoria-Noord. Sy pa was die geduldige man wat Jaco toegelaat het om te eksperimenteer, terwyl sy ma gedurig teen die gevare gewaarsku het.

Een van sy seuntjieprojekte was om 'n side cart vir sy BMX-fiets te bou. "Daar vind ek toe uit wat sweisbrand is. Sjoe, dit was 'n seer les!"

Jaco se pa het die Dirkers se stamboom graag bestudeer en toe hy eendag in die Knysnagebied ry en 'n Dirker naambord sien het hy dadelik navraag gedoen. In Sedgefield ontmoet hy toe vir oom Francois Dirker. Dié is toe sy oupagrootjie se seun en oupa Hen se half-broer. Daar leer hy ook dat die eerste Dirkers ossewaens in Uniondale gebou het.

Oom Rudolf Righter was hulle buurman. Hy het 'n draaibank gehad en was altyd besig om iets te bou. Ek was altyd welkom om saam met hom te gaan timmer en sweis. Naweke en na skool het hy graag gaan hand bysit, want so het hy geleer.

In standerd agt kon Jaco al soos 'n meester sweis. Hy het toe sleepwaens vir oom Rudolf begin bou. Hier ontstaan die plan om die skoolbanke, wat hom so frustreer het, te verlaat en sleepwaens en palisadestrukture te begin smous. "Kontant is mos koning," glimlag hy oor sy besluit.



**'n Stomphanteerder word gebruik vir die laai en hantering van hout in die bosboubedryf.**

By oom Tienie du Plessis het hy kennis gemaak met vurkhysers. Aangesien dit Jaco se belangstellingsveld was kon oom Tienie baie op hom steun vir hulp. "Sodra die werkdag verby was kon ek in die werkswinkel rondspeel waar hy my ruimte gegee het om te ontwikkel," vertel Jaco oor een van sy mentors.

Oom Jimmy en tannie Dorothy van Rooyen was die eienaars van 'n vervoermaatskappy waar Jaco se oudste boetie gewerk het. "Ek het graag daar gaan kuier en dan bietjie met die trokke se binnekant rondgespeel," vertel Jaco. Hy het selfs die kragstuur van 'n trok uitmekaar gehaal en probeer sinmaak van elke item se funksie. RSG was altyd in die agtergrond aan terwyl hy so gepeuter het. "My oupa het altyd RSG geluister terwyl hy gewerk het," voeg hy by.

Jaco maak toe eendag 'n voorstel om 'n fout op een van die trokke te herstel. "Ek is toe reg en oom Jimmy bied vir my werk aan!" Die 4 vragmotors wat deur die dag gewerk het moes Jaco in die aande nagaan en klein probleempies uitsorteer. "Oom Jimmy kon staan en luister na die geluier van 'n trok dan kon hy die fout uitwys." Jaco gebruik toe sy eie spaargeld om saam met hom 'n besigheid te begin waar hy vurkhysers herstel. Hy woon veilings op verskillende dorpe by waar hy gebruikte vurkhysers opkoop, herstel en weer verkoop.

Jaco se bantambakkie is afbetaal en hy wil toe bedank om sy eie besigheid onder sy pa se afdak in Theresapark te begin. Oom Jimmy het hom 'n groot bonus gegee toe hy wegstap, want hy het vertroue in Jaco gehad om die geld wys aan te wend.

Die besigheid loop redelik goed, maar die bure begin kla oor die geraas en die swaarvoertuie wat in 'n woongebied rondstaan. Jaco sluit by Nico du Plessis en sy besigheid in Pretoria-Wes aan. Forklift Master word in 2006 geregistreer. Nico leer vir Jaco van 'n Rooi boek en hy leer hoe om debiteure te beheer. "Ek wil deur 'n boek blaai om te sien waarmee ek werk."

Jaco is in Desember 2006 met Gwen getroud nadat hy sy eerste huis gekoop het. Dit is 'n reuse erf waarop 'n huis en werkwinkel die ideale geleentheid gebied het om weer 'n eie besigheid aan te durf. "Ek het vurkhysers op-en-af in die straat getoets en tannie Ralie kon die geraas nie meer verduur nie. Ons koop toe haar huis, want ek het toe lankal die droom om my eie vurkhysers te bou," vertel Jaco met oorgawe.

Hy ondersoek alle moontlikhede en nog 'n mentor, Dawid Laas, gee hom die geleentheid om op sy skrootwerf masjiene te meet en pas. "Onder 'n boom in tant Ralie se erf is my eerste driewiel vurkhyser gebou," sê Jaco trots. Hy erken dat dit 'n vreeslike groot en vinnige leerskool was. Hy het alle tekeninge met potlood en liniaal gemaak soos wat daar gebou is. Sy eerste kliënt was so ingenome dat hy in 2012 meer bestel het.

"Ek kom toe te hore van 'n sagtewareprogram waarmee jy 'n model kan bou, Solid Works. Ek het lank gesit met tutorials tot ek die prosesse onder die knie gehad het. Die hoeveelheid kundige mentors wat ek op my pad gehad het was fantasties. Eksperimente het my baie geld gekos, maar universiteitsgeld betaal vir foute," vertel hy ewe eerlik.

Nadat Jaco onder andere steenlaaiers vir 'n kliënt in Namibië gebou het en 'n drieton bandmasjien vir myne in die Kongo, buiten unieke vurkhysers, het die grendelstaat hom ook gedwing om af te skaal en te herbesin oor die lewe.




**Jaco Dirker het as seuntjie met klinknaels en blikkies in pa en oupa se motorhuise gespeel. Vandag bou hy unieke Dirker vurkhysers.**

Hulle het emigrasie oorweeg, maar wou nie werklike oorsee gaan nie en hy het geweet hy wil nie vir 'n baas werk nie, want hulle sit 'n plafon op jou potensiaal. "Ek gaan moeilik met vakansie, want ek wil net altyd huistoe gaan." Hy span gereeld die onthou van radiostories in wanneer daar scenarios in sy kop uitspeel.

Nico du Plessis het vir Jaco van Orania vertel. Hy het Dana Snyman se boek, Agterpaaie, gelees en goeie inligting daaruit gekry. Hy het ver regse, bakleierige mense verwag en toe kom hy agter dat die Afrikaners slegs bakleierig is. In Augustus het die Dirkergesin Orania vir 'n langnaweek besoek en die formele trek gebeur toe baie vinniger as wat hul beplan het. Gwen, sy vrou, voeg by dat Jaco nie werklik van verandering hou nie, maar dat die trek die maklikste oorgang was wat hy nog gedoen het.

Aangesien geleenthede in Orania net oopgegaan het is Dirker Ingenieurswerke in Augustus 2022 geregistreer. Alhoewel hy oorweeg het om die Pretoriabesigheid aan die gang te hou en te pendel, moes hy gou agterkom dat dit nie finansieël sin maak nie. "My ma en oom Jimmy het altyd gesê ek het meer moed as verstand."

Dirker Ingenieurswerke trek nou by vurkhyser nommer 79 en aangesien hy jare gelede planne gekry het om rame vir sy unieke vurkhysers te bou verskyn sy van op elkeen. Hy vertel dat die vloek van die bedryf is dat jou horisonne alewig moet skuif. "Ek sê vir my kinders: Ondervinding deur ondersoek."

In Pretoria het hy 'n hele span gehad wat saam met hom gewerk het. Hier moet Gwen 'n paar mense se werk doen sover dit beplanning, netwerkbou en die bestel van toerusting betref.

Hy geniet die avontuur van 'n uitdaging. Hy het 'n selfaangedrewe versnipper vir 'n eienaar in Tzaneen gebou. Hy geniet die tipe mense met wie hy hier in die Orania omgewing werk. "Dit is boere wat 'n selfdoenmentaliteit het. Ons is elke dag dankbaar om hier te wees."

In die drie maande wat dit neem om 'n Dirker te bou, bly baie kleiner werk egter agterweë. Hy het nog baie drome wat vervaardiging aanbetref. "Een van die groot geskenke is dat Gwen saam met my in die kantoor is en die twee seuns, Duan (15) en John (13) is in- en uit by die werkswinkel."




**'n Steenlaaier vir die hantering van stene wat in 'n blokformasie gepak is. Kollegas span saam om moue in Orania op te rol. Laat ons werk!**




**Die vurkhyser word aangewend vir die hantering van goedere op enige rowwe terrein.**




**Multi-hyser is 'n veeldoelige masjien. Dit is 'n vurkhyser- en laaigraafkombinasie.**

# Dié beskermvrou het jonk en oud gekoester

Dia van Staden - Redakteur

Tannie Lenie, soos almal haar noem, het op 1 Maart 2014 Orania haar tuiste gemaak. "Ek het afgetree, maar in Orania as Maatskaplike Werker kom aantree," vertel sy met 'n glimlag.

Lenie was 'n Kovsiestudent en het in 1968 haar graad in Maatskaplike Werk verwerf. Sy het in Bloemfontein en Kimberley vir die Departement Volkswelsyn en Pensioene gewerk, maar Orania was deel van die streek waarbinne sy gewerk het. Nadat sy en Piet getroud is het hulle in Kimberley gewoon en sy het na haar swangerskap vir privaat welsynsorganisasies gewerk.



Lenie maak toe 'n Vrystaatdraai by Geestes-gesondheid in Bloemfontein voordat KOVSIES haar opraap om van Augustus 1986 tot 2007 die welsyn van studente, dienswerkers en personeel te hanteer. Sy word deur die PUK genader om 'n soortgelyke rol daar te vervul. Sy begin op 1 Februarie 2007 by hulle. Sy het Studentegesondheid gestig en daardeur 'n verskeidenheid wonderlike projekte gedryf. Haar oë blink as sy van daardie pronkjare praat.

Sy sluit op 1 Maart 2014 in Orania by die Maatskaplike Raad aan. Dit was nie op daardie stadium 'n geregistreerde welsynsorganisasie nie en sy het saam met ander rolspelers die administratiewe proses aangepak om die registrasie te formuleer. Die Orania Maatskaplike Raad was Lenie Kotze se vaandel en vele drome het deur hierdie organisasie as fondasie gestalte gekry.

Sy het op 'n dag verby die huidige Karoosig Tehuis vir Bejaardes gery, maar die gebou het leeg gestaan. Sy het dadelik aangekondig dat sy dit in 'n ouetehuis wou omskep. Daar het uiteindelik 'n span individue aan die werk gespring om die gebou skoon te kry sodat die eerste bejaarde verwelkom kon word. Op 1 September 2014 het die eerste inwoner haar intrek geneem en om 12:00 kon sy 'n gekookte ete geniet. "Tannie Mercia de Vries was die eerste inwoner. Sy het Tannie Betsie Verwoerd tot haar dood versorg," vertel Lenie met 'n vol hart.

Lenie moes staatmaak op borge om die projek suksesvol te laat vlot. "Die gemeenskap was so goed vir my. Ek het selfs borge uit Nederland gekry," deel sy.

Sy het geweet dat vroeë kinderontwikkeling en 'n dagsorgsentrum van kardinale belang was. "Alle mammas moes werk en daar was babatjies," sê sy. Op 3 Januarie 2015 open Huppelkind se deure vir 3 kinders. Aan die einde van Januarie was daar 12 kinders en hulle het Februarie met 20 kinders afgeskop. "Ek is 'n trotse stigter en die sentrum het ontstaan omdat kinders tussen 3 en 6 niemand gehad het om hulle te versorg nie. Dit was vir my 'n ongelooflike belegging in ons Afrikanerkinders," vertel sy met daardie kenmerkende blink in haar oë. "Prys die Here vir Esna wat kom oorneem het,"slaak sy 'n sug van verligting.

Aan die einde van 2022 bedank tannie Lenie van die direksies waarop sy gedien het. "Dit is nou tyd vir die jonger geslag om die leisels oor te neem," sê sy trots.

## Koerania in Platteland

**Die Weg! Platteland** tydskrif redakteurs het 'n hele rits gesprekke met inwoners gevoer om 'n pragstuk in hul Februarie-uitgawe oor Orania in te sluit.

Selfs Koerania het die blaaie gehaal.




#OnssalSelf #TrotsOrania #Koerania




## A-Z Pekankonferensie vir Suid-Afrikaanse Pekanproduksie

23 - 25 April 2024
Dendron Boerdery – Orania

## SPREKERS

**Klimaatstreke in SA, Kultivars en Bestuiwing, Boomvorming en snoei, Chemiese snoei van alternerende kultivars**
Johan Coetzee

**Kwekerye in SA, Die huidige stand van kwekerye, Kwekerystandaarde in SA, Die plant van bome en nasorg**
Heiko Meier

**Hoë digtheid aanplanting**
Ernie Steinberg

**Grondontleding met fokus op grond Fisiese eienskappe as deel van grondvrugbaarheid**
Prof Leon van Rensburg

**Koolhidraatmeting in pekanneute**
Dr. Elmi Lötze

## NAVRAE & STALLETJIEBESPREKINGS

**Platinum borg – R 15 000-00**
(6 konferensiekaartjies, 10min spreekbeurt en 'n stalletjie)

**Goue borg – R 10 000-00**
(4 konferensiekaartjies en 'n stalletjie)

**Silwer borg – R 7 000-00**
(2 konferensiekaartjies en 'n stalletjie)

**Konferensiegangers – R 3 000 p.p.**

**Kontak die kantoor (Francois Slabber / Johan Coetzee) by 087 092 6618 om jou stalletjie te bespreek, jou kaartjies te koop of vir meer inligting**

## BANKBESONDERHEDE

**Begunstigde: OSK Koöperatiewe Bank Beperk / Bank: Standard Bank / Rekening: 041 712 617 / Takkode: 050103**
**Verwysing: GA 106 + Naam en van of Besigheidsnaam / E-pos jou bewys van betaling na: a-z@pekan.co.za**




## Die Orania Monumentkoppie

Die Orania **Monumentkoppie** is 'n simboliese terrein wat vir elke besoeker die mooiste uitsig oor Orania gee en waar staatsmanne uit die Afrikanergeskiedenis vereer word. Daar is borsbeelde van bekende Afrikanerfigure soos Paul Kruger, John Vorster en Hendrik Verwoerd in 'n halfmaan geposisioneer en hulle almal se oë is op die Klein Reus in die middel van die halfmaan gerig. Die Klein Reus rol sy mou op, omdat hy weet daar is baie werk wat self gedoen moet word.

**Die Klein Reus** is Orania se simbool vir selfwerksaamheid en eie arbeid en daarmee saam beteken sy naam dat hy klein is maar dat die werk wat hy verrig en sy idee vir vryheid reusagtig is. Die Klein Reus kyk uit oor Orania in die toekoms, maar hy is gegrond in sy voorouers en die verlede. Dié beeld is deur Kaalvoet opgerig.

## Top Tiener Skoolmeisie-Gesig eerste finalis

TOP TIENER
SKOOLMEISIE-GESIG




**Shevaun Barnard is 17 jaar oud en in Orania CVO-skool, Sy is die eerste finalis vir vanjaar se Top Tiener Skoolmeisiegesig.**

Foto : Cherise Barnard

## Aan-die-Oewer se herstel is met harde werk bereik







KOERANiA Besigheidslys

Verhoog die sigbaarheid van jou besigheid en bereik 'n wyer gehoor vir slegs **R420 per jaar**. Verhoog jou handelsmerk se blootstelling, lok potensiële kliënte en verbeter jou SEO-telling. Jou advertensie op die besigheidslys versterk geloofwaardigheid en bou vertroue by verbruikers. Daar is kliënte wat **JOU** produkte of dienste benodig. Kom ons wys vir hulle wie en waar jy is!

SKANDEER DIE QR-KODE OM DIE AANLYNVORM TE VOLTOOI.

KOERANiA Besigheidslys

Gebruik ons aanlyn besigheidslys om besighede in Orania te vind

SKANDEER MY!

LEES DIT! DEEL DIT!

083 726 1180 redakteur@koerania.co.za www.koerania.co.za

# Dié 2 pelle maak Terloops musiek

Dia van Staden - Redakteur




Terloops is die naam van Carel Boshoff en Frans de Klerk se duo-orkes. Dié twee se vriendskapsverhaal klink soos 'n Vinkel en Koljanderstorie wat in die vroeë jare van Orania afspeel. Hulle het onlangs 'n splinternuwe Afrikanerlied die lig laat sien en hulle hoop om met dié lied die vryheidstrewe van die Afrikaner te beklemtoon.

Vry is die titel van hulle enkelsnit en daarmee aksentueer hulle die dade van 'n paar van hulle jeughelde uit ons geskiedenis. Dié besonderse saamsinglied beklemtoon ook die belangrikheid van taal, kultuur en vryheid. Die lirieke, wat in die skryfproses eerste vorm aangeneem het, en melodie neem jou op 'n opwindende reis waarvan jy vinnig deel voel. Carel vertel dat die titel eers na die opname, toe die klankregisseur 'n naam gesoek het waaronder hy sy werk kon stoor, gekies is. "Ons het vinnig gebreinstorm, en die titel het vir ons na die mees natuurlike een gevoel."

"Ek en Frans het vroeg in ons hoërskoolloopbane saam begin musiekmaak en liedjies skryf. Ons het besluit ons wil nie oor ons orkes spog nie, en dat ons mense net so terloops daarvan sal vertel. Vandaar die naam Terloops!" noem Carel.

"Ons veldspeletjies en bendesamestellings het meermale gespruit uit die stories wat ons ouers ons van die boerehelde vertel het," dui Frans aan. Vandag nog kyk hy met trots terug op die jonger helde soos Japie Greyling en Dirkie Uys wat onwrikbaar in hulle geloof was wanneer hulle met die dood gekonfronteer was. Frans admireer sy pa, Frans, wat vir hom, sy familie en sy gemeenskap in oormaat van homself gee.

Carel het 'n hoë agting vir Generaal Beyers aangesien sy familie van die Waterberge afkomstig is en hul dus in sy kommando geveg het. Sy oupa, prof Carel Boshoff, is sy rolmodel wat soveel vir vryheid gedoen het, maar ook omdat hy 'n ywerige liedjieskrywer was.

Op die vraag na hulle musiekvoorkeure lewer dit uiteenlopende reaksies. Frans kies Frank Sinatra, want daar is vir hom so baie gunstelinge, en Carel se keuse is Johannes Kerkorrel en die Gereformeerde Blues Band. Wanneer hulle begin opweeg waarop die muntstuk vir hulle eie klank moet val dan kies hulle albei musiek waarmee jongmense hulself kan vereenselwig. Carel sê: "Musiek is ideaal om gevoelens te deel. Selfs al leer mens nie noodwendig nuwe feite deur 'n liedjie nie, kan 'n liedjie jou lei om meer van 'n onderwerp te leer."

Die trots vir hul Afrikanerskap loop dik in die twee se are. Carel noem dat Afrikanertrots nog nooit vir hom 'n moeilike konsep was nie. "Ek verstaan dat dit nie vir alle jong Afrikaners maklik is nie, veral nie as al wat hulle van ons geskiedenis geleer het uit die staat se voorgeskrewe werk kom nie." Hy raak opgewonde wanneer hy verduidelik dat ons voorvaders vir vryheid getrek, geveg en onderhandel het. Sy twee seuntjies het die voordeel dat pappa daarvan hou om vir hulle speelgoed uit hout te maak.

Frans en Carel hou albei daarvan om te skryf. Wanneer hulle saam begin werk aan 'n projek soos wat hulle sedert hoërskooljare al doen, dan vloei die kreatiewe idees vryelik. Hulle getuig: "Daar is sedert Bok van Blerk se De La Rey heelwat liedjies oor ons volk, taal en geskiedenis geskryf. Ons wil graag die onderwerp van vryheid deel van daardie gesprek maak."

Frans is oortuig dat Afrikanertrots en identiteit iets is wat gevier moet word, maar nie afgedwing moet word nie. Albei wil jongmense aanmoedig om ander bronne as die voorgeskrewe skoolboeke te gebruik om meer van die geskiedenis te leer. "Al leer iemand iets van ons geskiedenis deur 'n liedjie, dan het ons in 'n doel geslaag."

Carel speel kitaar en Frans geniet dit om sy mondfluitjie en ukelele nader te trek. Hulle hoop dat Vry rondom menige braaivleisvure, by familiekuiers, musiekfeeste en by dansbane sal speel. Hierdie is nie hulle eerste lied as duo nie, en beslis nie hulle laaste nie. Frans sê dat hulle eerlike Afrikaanse musiek sal aanhou maak wat die Afrikanerjeug met trots kan geniet.

**"Ons is trots Afrikaans en ons streef na 'n vrye Afrikanertoekoms!"**

Volg hulle op *Facebook* en *Instagram*: @terloops_official op Instagram en Terloops op Facebook.

## Natuurlijk JY Modeparade




Die derde Natuurlijk JY Modeparade word op Woensdag 27 Maart om 18:30 in die Orania Gemeenskapsaal deur die Okkasie Hasie aangebied.

'n Unieke kinkel in die modelkabel is vanjaar aangewend om die modelle te keur. Vyf besighede se personeel of lede is versoek om hulle eerste treë op die Orania modeverhoog te kom gee.

Besighede en instansies wat aan die modeparade deelneem is Orion DIY, Weltevreden Dansakademie, Volkskool, Bo-Karoo Eiendomme en die Orania Biblioteek. Die deelnemende klereverskaffers vir die modeparade, wat ten bate van Orania Dieresorg aangebied word is, Cia-Mari Boetiek, Klein Reus se Niggie en Orania Uitrusters.

Filicity Meyer, 'n vrywilliger van die Orania Dieresorg, vertel dat hulle 'n netjiese en praktiese skut vir rondloperdiere dringend benodig. "Dié geld sal daarvoor aangewend kan word," vertel sy. Koerania sal lesers op hoogte hou van die vordering wat hier plaasvind.

Kaartjies vir die bywoning van die fondsinsameling beloop R120 per persoon en besighede of vriende kan tafels vir tien persone teen R1 200-00 bekom. Elkeen pak sy eie piekniekmandjie met te drinke en te ete vir die modekuier in.

Kry jou kaartjies by enige van die deelnemende besighede of by die Orania Beweging. Skakel Dia van Staden by 083 726 1180 met jou navraag.

## Moedertaaldag se digkuns

Liezé van Heerden is slegs 10 jaar oud en het haar voorliefde vir haar moedertaal getoon deur vir 'n digkompetisie in te skryf. Liezé vertel dat mamma Chantel die kompetisie op sosiale media gesien het en vir haar gevra of sy sou belangstel om in te skryf. "Ek't toe gesê ja, want ek hou van gedigte skryf. Dit is lekker!"

Sy verduidelik vinnig dat sy nie daarvan hou as mense Mengels praat nie. "Ek hou nie van Mengels nie, want mense praat partykeer so baie Engels dat dit klink of hulle Engels is en net probeer Afrikaans praat," sê die bekkige meisiekind. "Ek hou baie meer van Afrikaans as van Engels, want dit is my moedertaal en my prag en praal."



Alhoewel sy eendag mooi klere wil maak omdat sy naaldwerk baie geniet, is lees nog 'n stokperdjie wat sy beoefen. "Ek lees enige iets, maar hou baie van die Maasdorpreeks wat deur Stelle Blakemore geskryf is,"vertel Liezé.

Koerania hou graag ons jongmense dop wat 'n voorliefde vir hul moedertaal toon!

**Afrikaans is my Moedertaal -**
**Afrikaans is my prag en praal.**
**Mengels kan ek nie verdra.**
**Moedertaal praat, laat my nie kla.**
**Is ek Frans**
**of Afrikaans?**
**Afrikaans, liewer dit**
**as om op Frans te sit.**

Gaan kyk by @kwikstertontwerp op facebook na nog gedigte wat ingeskryf is as deel van die Moedertaaldagvieringe.




Fotos Dia van Staden

OKKASIE HASIE
*maak elke funksie 'n fees!*
Dia van Staden • 083 726 1180 • dia@mweb.co.za

KOERANiA
Sport
Maart, 2024 Volume 01 | Uitgawe Nr. 04

**NOODNOMMERS**

Ongevalle | Brand | Veiligheid
060 501 7877 of 053 207 0089

Water & Riool | Elektries
053 207 0063/4 (Kantoorure) 053 207 0089 (Na-ure)
Misbruik van enige van hierdie nommers is strafbaar.
Na-uurse tegniese bystand is vir die rekening van die inwoner, tensy die probleem veroorsaak is deur 'n fout aan die kant van die Dorpsraad se infrastruktuur.

# Bokkieweek®

## 22 - 23 Maart 2024 - 08:00 - 17:00

## 0/23 BOKKIETOERNOOI
### VOORLOPIGE TOERNOOIPROGRAM
### 2024

### Rugby en Netbal: Orania Sportterrein
### Woemahokkie: CVO Orania

**Donderdag 21 Maart 2024**

Registrasie van unies

| | |
|---|---|
| 17:00 -17:50 | Vergadering met beamptes, asook sportvergaderings. Frans kry weer 'n spreekbeurt tydens die gesamentlike beamptevergadering |
| | Amptelike opening - Ds. Stans sal 'n predikant reël |
| | Frans sal weer 'n waardesessie met die spelers hê |
| 18:30 | Braai in spanverband |

**Vrvdag 22 Maart 2024**

| | |
|---|---|
| 08:00 - 17:00 | 7's Rugby-, netbal- en woemahokkiewedstryde |
| | Aandete |
| 19:00 - 21:00 | Mej. Sprankelbokkie en optrede deur Grotgarde |
| 21.00 | Sokkie |

**Saterdag 23 Maart 2024**


| | |
|---|---|
| 08:00 - 16:30 | 7's Rugby-, netbal- en woemahokkiewedstryde |
| 17:00 | Prysuitdeling en aankondiging van AVS Bokkiespanne |
| 18:00 | Aandete |
| 23.00 | Cantus |

**Sondag 24 Maart 2024**

Unies vertrek

AfriForum SPORT
Kom ondersteun Afrikanersport van uitnemende standaard!

ORANET
WIFI aanbieding - onbeperk
BLITS AANBOD
R650 - 5 Meg lyn
R850 - 8 Meg lyn
R1000 - 10 Meg lyn
Kontak Corne by 079 829 8569
of whats app 082 55 11 656
Installasie vanaf R850
http://www.oranet.co.za admin@oranet.co.za



BO-KAROO VASBYT
VASBYT
DR. D.F. MALAN
23-28 MAART 2024
ORANIA, NOORD-KAAP
Kom geniet 'n UNIEKE BYEENKOMS met AFRIKANER-geskiedenis!
WEDLOPE oor 4 dae! WEDRENNE
VASBYT 100km
LIGLOOP 55km
VASTRAP 250km
LIGTRAP 116km
Wedlope R250 (hemp uitgesluit)
Inskrywingsgeld
Wedrenne R310 (hemp uitgesluit)
Inskrywings sluit 23 Maart 2024
Yolandé 084 251 3952
navrae@bokaroovasbyt.co.za

Praat Saam
KOERANiA mense weet
www.koerania.co.za




By Die Wafelhuis is roomys altyd welkom.
Oorleef die hitte met ñ koue verrassing!